# STELLENBERG BYBELSKOOL



## BALLINGSKAP - 'n tyd van onverwagse vernuwing.

**April 2023**

**ds. Marius Breytenbach**

## STELLENBERG-GEMEENTEBELYDENIS

Stellenberg-gemeente is 'n gemeenskap van mense wat streef om nader aan God en mekaar te leef, uit te reik oor alle grense heen en voortdurend te vernuwe.

**Ons glo Jesus, ons Verlosser, leef . . .**

- in die een God: Vader, Seun en Heilige Gees;
- in Christus, wat deur die geloof en in genade ons Verlosser is;
- in die Bybel: die Woord van God in mensetaal;
- in die algemene kerk van Christus waarvan ons deel is en spesifiek deel van kerke wie se geloof verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid en in die Belydenis van Belhar.

**Ons streef om met die liefde van Christus inklusief oor alle grense heen uit te reik . . .**

- na mekaar in ons geloofsgemeenskap, ongeag ons verskille;
- na die mense in ons werkplek, buurt en breër gemeenskap;
- na alle mense in ons land, asook wêreldwyd;
- na Moeder Aarde en alle vorme van lewe.

**Ons leef as getuies en volgelinge van Christus . . .**

- nader aan God;
- nader aan mekaar;
- om 'n verskil in die wêreld te maak;
- om voortdurend te vernuwe in 'n veranderde wêreld.

## SESSIE 1. Ballingskap ... 'n tyd van onverwagse vernuwing.



Toe die Neo-Babiloniese koning Nebukadneser II na die slag van Karkemis in 605 vC en daarna weer in 597 & 586 vC Jerusalem binnegeval het, het 'n periode in die Ou Testament aangebreek wat as die Babiloniese ballingskap bekendstaan. Die mees produktiewe deel van Jerusalem se bevolking is in gevangenis (ballingskap) na Babel weggevoer, terwyl die res van die inwoners sonder enige hoop in haglike omstandighede agtergelaat is (2 Konings 24-25 asook 2 Kronieke 36: 5-21). Met die vernietiging van die stad en die tempel het langverwagte godsdienstige beloftes rakende land, nageslag en politieke verwagtinge wat daarmee saamgeloop, oombliklik tot 'n einde gekom. Gelowiges is skielik met diepliggende vrae gekonfronteer: Hoe het dit gebeur dat ons op hierdie plek uitgekom het? Waar is God in hierdie omstandighede? Is hy werklik in beheer van gebeure? Hoe gaan ons van hier die toekoms binne? Toe die Persiese koninkryk in 539 vC die mag in die Ou Nabye Ooste by die Neo-Babiloniese koninkryk oorgeneem het, is die ballinge nie net toegelaat om weer na Jerusalem terug te keer nie, maar ook om weer hulle stad en tempel te herbou (2 Kronieke 36: 22-23). In die paar jaar van die ballingskap is gelowiges se perspektief op God en die wêreld ingrypend verander. In die periode tussen 597 en 539 vC is gelowiges se lewens en wêreld

> The most remarkable observation one can make about this interface of exilic circumstances and scriptural resources is this: Exile did not lead Jews in the Old Testament to abandon faith or to settle for abdicating despair, nor to retreat to privatistic religion. On the contrary, exile evoked the most brilliant literature and the most daring theological articulation in the Old Testament.
>
> Walter Brueggemann, Cadences of Home: Preaching among Exiles

ingrypend getransformeer. Ballingskap het hulle perspektief op God, die wêreld en hulle eie lewens daarbinne ingrypend verander.

Tot vandag toe word die tragiese verlies van Jerusalem en die tempel in 586 vC in Judaïsme op die 9de van die Joodse maand *Av* herdenk (hierdie jaar op 27 Julie). In die midde van hierdie periode van chaos en verlies, het die mees kreatiewe literatuur van die Ou Testament tot stand gekom. Dit het getuienis gelewer van gelowiges se worstelinge en die wyse waarop hierdie omstandighede hulle insig in God en hulle hede verdiep het. Alhoewel die gebeurtenis van die begin en einde van die ballingskap net enkele verse in die Bybel beslaan (2 Konings 24-25, 2 Kronieke 36: 5-21, 2 Kronieke 36: 22-23) het die grootste gedeelte van die Ou Testament soos ons dit vandag ken, het in die lig van hierdie gebeure tot stand gekom (ou bestaande verhale is herinterpreteer, oorgeskryf en nuwe verhale is bygevoeg).

**Toe vra die Here vir my: "Mens, kan hierdie bene weer lewendig word? Kan daar lewendige mense uit hierdie bene kom?". Here, my God, U alleen weet wat die antwoord daarop is," het ek geantwoord.**
**Esegiël 37:1**

Die Ballingskap verhaal is 'n kragtige metafoor wat sedertdien met gelowiges oor persoonlike, politieke, ekonomiese en kulturele transisies praat en ervarings van verlies, angs, onsekerheid, woede en ontnugtering wat daarmee saamloop. Soortgelyk aan Esegiël bring ons eie ballingskap ervarings ons by dié vraag wat God ons by uitbring: Kan daar weer lewe in droë bene kom? Hoe sou ons vandag daarop antwoord?

**Die Ballingskap metafoor en jou eie leefwêreld**

**BALLINGSKAP**

**'n Gedwonge verblyf weg van 'n mens se huis af**

Die Bybelse begrip "ballingskap" verwoord 'n situasie van gedwonge verblyf waarin mens van hulle tuistes ontneem is en nie by magte is om dit te verander nie. Dit verkondig dat die tyd aangebreek het waarin die lewe vir jou onherroeplik verander het en jy nie weer na presies dieselfde huis sal kan terugkeer nie. Dis 'n tipe dislokasie wat op verskillende maniere oor ons pad kom deur:

- persoonlike verlies (dood, gesondheid, verhuis).
- politieke en ekonomiese veranderinge.
- sosiale en kulturele veranderinge



Wat is die **realiteite van ballingskap** waarin jy tans vasgevang voel?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

Wat is die tipe **emosies** wat dit vandag in jou losmaak?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

Wat is die **verwagtinge** wat jy oor jou hede en toekoms koester?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

Dink aan die lewensjare wat vir jou voorlê. Hoe sou jy wou **kies** om jou oorblywende lewensjare dit te leef?

..........................................................................................................................
..........................................................................................................................
..........................................................................................................................

**Wat is die hoop en geloof wat die Here vir ons in ballingskap ervaringe bring?**
**Wat is die pad waarop die Here ons in ballingskap wil begelei?**

Die verlies en ontnugtering wat ballingskap bring, het die potensiaal om twee ekstreme response in ons te ontlok.

1. God en godsdiens het irrelevant geraak. 'n Groep ballinge het in die lig van die gebeure hulle geloof in die God van Israel prysgegee en nooit na Jerusalem teruggekeer nie. Ander het wel teruggekeer, maar nie aktief deelgeneem aan die herbou van die tempel en die meeleef in die godsdienstige gemeenskap nie. Omstandighede het vandag sommige gelowiges op 'n soortgelyke wyse uitgebring om van hulle geloof in God en in 'n gemeenskap van gelowiges afstand te doen. Dit het die potensiaal om ons selfgerig te maak en toe te laat dat vrees, woede en wanhoop op subtiele maniere oor ons die oorhand kry.

2. Aan die ander kant het ballingskap ook tot gevolg gehad dat gelowiges terugtrek in 'n nostalgiese en geprivatiseerde godsdiens wat gediskonnekteer leef van die realiteite, uitdagings en geleenthede van hulle tyd. In hierdie sin kan gelowiges dikwels eerder deel raak van die probleem as die oplossing.

Wat is die alternatief? Die verhaal van die ballingskap neem ons op reis om:

- die realiteite van verlies in die oë te kyk en die emosie daarvan by God te hanteer. Hierdie is die eerste en belangrikste eerste tree. Die vernuwing wat die ballingskap ervaring gebring het was primêr van binne en nie van buite nie.
- die godsdienstige tradisies waaruit ons kom opnuut te beoordeel en te interpreteer om God op 'n nuwe manier in ons hede te ontdek. Wat wil die Here ons oor die verlede leer?
- op 'n praktiese geloof te fokus (heiligheid en gemeenskap) wat 'n verskil in die wêreld maak deur geleenthede aan te gryp om nuwe tuistes te skep.

Sessie 1. 'n Inleiding tot die metafoor van ballingskap.


Sessie 2. Die politieke, ekonomiese en godsdienstige konteks van die Babiloniese ballingskap. Ballingskap neem ons terug in die verlede om die geloof tradisie en geskiedenis waaruit ons kom, opnuut te beoordeel en ons perspektief van God te verruim. Die verhaal van die totstandkoming van die Ou Testament getuig oor hierdie insig.


Sessie 3. 'n Baie belangrike deel van die proses waarin gelowiges in die ballingskap verander is, het te doen gehad met die lyding wat hulle ervaar het en die wyse waarop hulle die realiteit daarvan openlik verwoord het (dink aan Job, Prediker, Jona en dan veral Klaagliedere wat direk met die ballingskap verband hou). Deur verhale waarin gelowiges hulle verlies verwoord het, leer ons vandag dat daar beter maniere is om die frustrasie en woede wat daar in ons leef te hanteer. Hoe is die Here besig om in ervarings van verlies in ons eie lyding deur te breek om so ons perspektiewe op God, onsself en die wêreld waarin ons leef, te verander?

Sessie 4. Een van die grootste insigte wat uit die ballingskap ervaring gekom het, was dat God se heerskappy nie net beperk was tot die belange van een volk nie. Veranderde omstandighede het nie gevra dat gelowiges hulle geloof en


godsdienstige tradisies prysgee nie, maar wel om aanpassing te maak om geleenthede waarvoor God hulle bring, aan te gryp (Jeremia, Jesaja 40-66). Die temas van heiligheid en gemeenskap, het in die literatuur van die ballingskap sterk na vore gekom.

# Daniel & Jeremiah





Black Sea
Israel in Captivity
Caspian Sea
Assyria
Gozan
Nineveh
Euphrates River
Tigris River
Reblah
Mediterranean Sea
Babylonia
Babylon
Samaria
Jerusalem
Assyrians take Israelites into captivity (c. 734 - 732 BCE & c. 724 - 721 BCE)
Babylonians took Judah (Jews) into captivity (604 - 586 BCE)
Assyrians take Gentiles to fill Israel (721 BCE onwards)
Persian Gulf
Red Sea

GENESIS
EXODUS
NUMBERS
JOSHUA
JUDGES
1 SAMUEL
2 SAMUEL
1 KINGS
2 KINGS
Babylonian Captivity
(70 Years)
EZRA
NEHEMIAH
400 Silent Years
New Testament
Temple Destroyed 586 BC
ESTHER
605 BC
536 BC